Ons gee graag die reëlings soos volg deur:

Maandag is Dag 9. Ons tree om 07:25 aan en die skool sluit om 14:15.

BELANGRIK

- Jy moet netjies geskeer, jou hare gesny en jou skoolskoene skoon gemaak wees.
- Jy moet jou masker aanhê. Jy sal 'n masker en gesigskerm gratis ontvang, wat te alle tye gedra moet word.
- HJS-maskers is teen R40 by die BoisShoppe te koop.

Die aantrede voor skool sal soos volg geskied (handhaaf die 1,5 m sosiale afstand):

Hek oorkant tennisbane

- Graad 11A,B en 12A,B
  Jou temperatuur word gemeet en jou hande ontsmet deur mnre Engledow en Sadie.

Klein hekkie buite sportkantoor

- Graad 11C,D en 12C,D
  Jou temperatuur word gemeet en jou hande ontsmet deur mnre Van Niekerk en Pieter Louw.

Hoofhek

- Graad 11E,F en 12E,F
  Jou temperatuur word gemeet en jou hande ontsmet deur mnr Snyman en me Duckitt.

Verdere inligting:

a) **Onthou jou temperatuur** om jou registeronderwyser te gee wat dit moet deurgee aan die WKOD.
b) Indien jou temperatuur hoër as 38 °C is, sal mnr De Vries jou na die kwarantynarea vergesel. Jou ouers sal gekontak word om jou te kom haal.
c) Van die hek af beweeg jy na die veld voor die skool (steeds 1,5 m van mekaar) vir die opening.
d) Daarna gaan jy na die registerklas waar die volgende sal gebeur:
    - Neerskryf van temperatuur.
    - Graad 11's ontvang nuwe rooster.
    - Graad 11's kontroleer hulle vakke
e) Periode 1 volg daarna.

Ons sien daarna uit om julle Maandag hier te verwelkom!
HJS-groete

Mnr Swart en personeel